



Uitnodiging om aansoek te doen vir MEd- (voltesis-) studie met gestruktureerde ondersteuning aan die Fakulteit Opvoedkunde – 2017

Die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch nooi u uit om aansoek te doen vir sy 2017-meestersgraad (MEd-volttesis) op die volgende twee gebiede:

❖ Opvoedkundebeleidstudies ❖ Kurrikulumstudies

- Die program in Opvoedkundebeleidstudies fokus op die bou van vakkundige insigte in ons komplekse opvoedkundige wêreld, en het ten doel om studente in nuwe en fundamentele debatte oor demokrasie en ontwikkeling in 'n vinnig veranderende globale en nasionale konteks te verdiep. Die program beskou die maniere waarop opvoedkundige prosesse, praktyke en instellings deur gemeenskaps- en hervormingsprosesse beïnvloed en gevorm word. Sommige sleutel-navorsingsgebiede vir die tesisfase van die kursus behels: opvoedkundige leierskap en institusionele verandering, beleidsontleding en -beplanning, student-identiteit en -leer, onderwyser- en institusionele identifisering, en demokratiese praktyke.
- Die program in Kurrikulumstudies fokus op navorsing en vakgeleerdheid op die gebied van onderrig en leer, met spesiale klem op kurrikulumontwikkeling. Dit is daarop gemik om pedagogiese vernuwings te bevorder en die geletterheidsvlak onder leerders te verhoog, en sluit gemengde onderrig in. Die program bevorder verder die ontwikkeling van die beraadslagende demokratiese bevoegdheid van ons studente, hul skole en hul leerders. In die konteks van 'n gerespekteerde en betrokke navorsingsgedrewe departement sal studente aangemoedig word om hul kurrikulumkennis sodanig te ontwikkel dat dit tot verbeterde pedagogiese oordrag sal lei. Sommige van die sleutel-navorsingsgebiede vir die tesisfase van die kursus behels: Geletterdheid/Taal, Onderrigpraktyk, Hoër Onderrig, Volwassene-onderrig, Kurrikulumvernuwings in Afrikaans, Engels, isiXhosa, Wiskunde, Geografie, Geskiedenis, Lewensoriëntering, Omgewingsopvoeding, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) en Wetenskap.

Albei graadprogramme, wat ingestel is op die vereiste vlakke van intellektuele werk, is gemik op die bou van intellektueel wederkerende bevoegdheid wat opvoedkundige veranderingsprogramme op produktiewe wyse kan betrek. Die programme sal tydens die eerste jaar as gestruktureerde seminarprogram aangebied word en 'n voorstel vir navorsingsontwikkeling as komponent insluit. Verpligte bywoning van die seminarprogram, wat minstens een maal per maand aangebied sal word en individuele toesighouding insluit, is 'n vereiste. Die eerste verpligte oriënteringssessie vind in Desember 2016 plaas. Die tesiswerk sal teen die einde van die eerste jaar van registrasie 'n aanvang neem.

Hierdie MEd- (volttesis-) graadprogramme is geskik vir opvoeders by skole, kolleges en ander onder- en onderriginstansies asook vir beleidsmakers, kurrikulumbeplanners, opvoedkundige werkers, onderwysers en ander opvoeders, steunpersoneel by distrikskantore en opvoedkundige NRO's.

Toelating tot die MEd- (volttesis-) graadprogram vereis 'n BEd Honneurs of enige ander toepaslike honneursgraad. Die programme kan op 'n voltydse of deeltydse basis voltooi word. Voorkeur sal gegee word aan kandidate met 'n gemiddelde van minstens 60% op hul honneursvlak.

Die keuse van programme sal berus op 'n beoordeling van 'n aansoeker se kwalifikasies, 'n skriftelike werkstuk en persoonlike onderhoud.

Sluitingsdatum vir aansoek: 9 September 2016

Vir meer inligting en 'n aanvanklike aansoekvorm skakel:

Vir die Opvoedkundebeleidstudie-opsie: Me Simone Alexander by tel. +27 (0)21 808 2419 of e-pos salex@sun.ac.za of prof Berte van Wyk, Departementshoof, by tel. +27 (0)21 808 2296 of e-pos bwyk@sun.ac.za

Vir die Kurrikulumstudie-opsie: Me Lorraine van As by tel. +27 (0)21 808 2300 of e-pos lva@sun.ac.za of dr Michael le Cordeur, Departementshoof, by tel. +27 (0)21 808 2265 of e-pos mlecorde@sun.ac.za

Inligting oor ander meestersgraadprogramme aan die Fakulteit Opvoedkunde kan gevind word by www.sun.ac.za/opvoeding